

DIE NAGMAAL BY PAULUS—GEESTE- LIKE VOEDSEL EN DRANK?

PROF. DR. G. M. M. PELSER

Volgens die kerklike leerstukke en by name die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Nagmaalsformulier, dien die liggaam en bloed van Christus, wat by die nagmaal sakramenteel verteenwoordig word deur die brood en wyn, as geestelike voedsel en drank vir die gelowiges.

Soos deur die titel hierbo aangedui word, sal met hierdie ondersoek 'n poging aangewend word om vas te stel of dit wel Paulus se opvatting was met betrekking tot die nagmaal. Benewens ander vrae rondom hierdie saak, is die probleem in die eerste plek geleë in die vraag na die werklike betekenis van die instellingswoorde, en dan meer bepaald die frase **touto estin** by beide brood- en bekerwoord. In 'n vorige ondersoek¹⁾ het ek probeer aantoon dat, veral op grond van die Pauliniese oorlewering, dit moeilik is om te aanvaar dat **sōma** en **hāima** kan verwys na sekere substansies van die Here, en dat hierdie gedagte verwerp moet word.

Die vraag is egter of daar by Paulus nie ander uitsprake oor die nagmaal voorkom wat tog die voorstelling bevat dat die elemente by die nagmaal geestelike voedsel en drank verteenwoordig nie. In hierdie verband is dit veral I Kor. 10:3, 4 en 12:13 wat ons aandag vra. Vanweë die verskil in konteks sal hierdie twee tekste afsonderlik behandel word.

I Kor. 10:3, 4.

In I Kor. 10:1 v.v. hou Paulus die optrede van Israel in die woestyn en die straf wat oor die volk gekom het, vir die gemeente van Korinthe voor as 'n waarskuwende voorbeeld van wat die gemeente nie behoort te doen nie. Afgesien van die toespeling op die doop in 10:2 maak Paulus in 10:3, 4 die volgende uitspraak: **Kai pantes to auto pneumatikon brōma ephagon, kai pantes to auto pneumatikon epion poma. Epion gar ek pneumatikēs akolouthousēs petras, hē petra de ēn hō Christos.** Is hierdie woorde 'n toespeling op die nagmaal deurdat Paulus hier van nagmaalsterminologie gebruik maak, en indien wel, wat wil Paulus hiermee met betrekking tot die nagmaal sê?

1) G. M. M. Pelsler, Die Nagmaal by Markus en Paulus. 'n Vergelykende studie, H.T.S. Jg. 30, Afl. 3 en 4, 138 v.v.

Verskeie eksegete²⁾ aanvaar op grond van **to auto** wat by beide **brōma** en **poma** gevoeg is, dat Paulus hier bekende nagmaals-terminologie in gedagte het. Hierdie opvatting word verder versterk deur die allegoriese uitleg in die frase: **hē petra de ēn ho Christos**. Paulus wil dus sê dat soos die nagmaal geestelike voedsel en drank vir die gelowiges is, so het Israel simbolies of tipologies geestelike voedsel en drank ontvang. Om 'n indruk te kry van wat hieronder verstaan word, kan ons gaan luister na wat Ridderbos oor die saak te sê het. In 'n bespreking van hierdie uitspraak van Paulus sê Ridderbos „... zo ligt in Christus' dood voor de gemeente niet alleen haar eenmalige redding, maar ook haar voortgaande geestelijke spijs en drank. Het avondmaal is als gemeenskap aan het in de dood overgegeven lichaam en bloed van Christus ook geestelijke spijs en drank. De offer-gave wordt tot offer-spijs . . .”³⁾

Om nog meer duidelikheid te kry oor wat Ridderbos hiermee bedoel, moet ons ook luister na wat hy oor die nagmaal as offermaaltyd te sê het. „In het kader van deze offer-terminologie (die instellingswoorde) wordt nu ook het eten en drinken van Christus' lichaam en bloed volkomen duidelik. Het is het eten en drinken van de offer-gave aan de offer-maaltijd.⁴⁾ Het deelnemen aan het offermaal is geen actief deelnemen aan de offerhandeling, maar de door de maaltijd zich voltrekkende toeëigening van de offer-handeling door het eten van de victima (het geofferde).⁵⁾ Hierdie beskouing van Ridderbos is min of meer verteenwoordigend van die opvatting dat die nagmaal geestelike voedsel en drank vir die gelowige bied.

Is hierdie interpretasie nou so vanselfsprekend uit 1 Kor. 10:3, 4 af te lei? Is hierdie opvatting nie meer **gebaseer** op die woordklank af as op die konteks nie? Al sou nie ontken kon word dat Paulus in 10:3, 4 die nagmaal in gedagte het nie, moet ons aanvaar dat hy aan die nagmaal dink as geestelike voedsel en drank in die sin waarin dit tradisioneel verstaan is? Hierdie vraag kan nie beantwoord word deur slegs die uitspraak van 10:3, 4 in aanmerking te neem nie. 'n Sinvolle antwoord kan alleen gegee word teen die agtergrond van die hele konteks waarin hierdie uitspraak gemaak word. En in hierdie verband geld veral wat Paulus te sê het in vers 14 v.v. waar hy die nagmaal uitdruklik ter sprake bring.

²⁾ So bv. Conzelmann, *Der erste Brief an die Korinther* (Meyers Kommentar), Göttingen 1969, t.p.; J. Weiss, *Der erste Korintherbrief*, Göttingen ¹⁹⁷⁰, t.p.; C. K. Barrett, *The first Epistle to the Corinthians* (Black's), London sj, t.p.; A. Schlatter, *Paulus der Bote Jesu*, Stuttgart ¹⁹⁶⁹, t.p.; H-D. Wendland, *Die Briefe an die Korinther* (NTD) Göttingen 1968, t.p.; H. Leitzmann, *An die Korinther I/II*, Tübingen ¹⁹⁶⁹, t.p.; J. Héring, *The first Epistle of Saint Paul to the Corinthians*, London sj, t.p.; L. Goppelt, *Th W VI*, 147 v.; E. Käsemann, *The Pauline Doctrine of the Lord's Supper, Essays on New Testament Themes*, London sj, 108 v.v. terwyl F. W. Grosheide, *De eerste Brief aan de Kerk te Korinthe* (Commentaar op het N.T.), Kampen ¹⁹⁵⁷ nie so 'n parallel trek nie.

³⁾ N. H. Ridderbos, *Paulus*, Kampen ¹⁹⁷¹, 469.

⁴⁾ *Id.*, 465.

⁵⁾ *Ibid.*

Wat sê Paulus hier met betrekking tot deelname aan die nagmaal? Beweer hy in hierdie gedeelte dat die nagmaal geestelike voedsel en drank is, of dat die gelowige deelnemer daaraan die liggaam en bloed van Christus geestelik eet en drink? Dit is by 'n ondersoek van Paulus se uitsprake in vers 14 v.v. duidelik dat hierdie opvatting op ernstige vrae en probleme stuit.

Dit is opvallend watter werkwoorde Paulus in vers 16 by **potē-
rion** en **arton** gebruik, naamlik **eulougoumen** en **klōmen** en nie **pino-
men** en **esthiomen** nie. Ons kan wel redeneer dat die bedoeling tog is dat die beker **gedrink** moet word en dat die brood **geëet** moet word, al word dit nie uitdruklik gesê nie. Die vraag is egter, waarom Paulus dit nie meer uitdruklik gesê het as dit vir hom teologies belangrik was nie. In hierdie verband stel Bornkamm: „Paulus redet beachthicherweise nicht vom Essen des Leibes und Trinken des Blutes Christi, wie ja auch seine Formel die einfache Gleichsetzung von Kelch (inhalt) und Blut nicht ausspricht. Auch ist 10:16 vom Brotbrechen und Kelchsegnen als den sakramentalen Akten die Rede, nicht vom Essen und Trinken.“⁶⁾ Dit is uit 10:16 duidelik dat Paulus nie primêr geïnteresseerd is in die eet en drink by die nagmaal nie maar wel in die nagmaal as handeling, as gebeure waarby die gemeente betrokke is.

Kyk ons nou weer na 10:3, 4 dan sien ons dat Paulus **pneumatikon brōma** nie nader kwalifiseer nie maar wel **pneumatikon poma** in die sin dat hy daaraan toevoeg: **epion gar ek pneumatikēs akolouthousēs petras, hē petra de ēn ho Christos**. Sonder om in te gaan op die betekenis van hierdie allegoriese benadering met betrekking tot die pre-eksistente betrokkenheid van Christus by Israel in die woestyn, is dit egter belangrik om daarop te let dat Paulus vir Christus nie hier met die geestelike drank gelykstel of sê dat Hy die geestelike drank was nie, maar wel dat Hy die **rots** was waaruit die geestelike drank gevloei het. Bornkamm sê tereg: „Auch sagt das typologische Bild (10:1 ff) nicht: Christus ist der Wundertrank, mit dem Israel getränkt wurde, sondern er ist der Fels, aus dem das Wasser springt.“⁷⁾

Kyk ons nou hoe Paulus self verklaar wat die handeling met brood en beker beteken, dan is dit opvallend dat hy dit wat deur hierdie handeling gebeur, beskryf as **koinōnia** met die liggaam en bloed van Christus (vers 16). In vers 17 en 21 druk hy verder die deel hê aan die brood, of die tafel van die Here uit met **metechein**. Sonder om in hierdie stadium breedvoerig in te gaan op die betekenis van **koinōnia** in hierdie verband, kan ons egter met sekerheid stel

⁶⁾ G. Bornkamm, Herrenmahl und Kirche bei Paulus, **Studien Zu Antike und Urchristentum. Gesammelte Aufsätze Bd. II**, München 1970, 165; Kyk ook W. G. Kümmel, Anhang by Litzmann, a.w., 181 „Die Annahme, dass nach Paulus der Christ ‚im Wein das Blut, im Brot den Leib des Herrn genießt‘, ist falsch.“

⁷⁾ G. Bornkamm, a.w., 165; Kyk ook W. G. Kümmel, a.w., 182.

dat dit nie sinoniem kan wees met spysiging nie. Al word dit nie uitdruklik hier gesê nie, het die **koinōnia** wat die Here met sy gemeente stig, tot gevolg dat die gelowiges onderling ook met mekaar **koinōnia** het. Daarom is hulle almal saam een liggaam. Alhoewel dit op 'n ander vlak gebeur, kan hierdie onderlinge **koinōnia** nie op 'n ander wyse plaasvind as die tussen die Here en sy gemeente nie. Paulus gebruik **koinōnia** nêrens in die sin dat dit resultaat is van iets goddeliks wat die gemeente ontvang het nie.

In vers 18 v.v. vergelyk Paulus die nagmaal met die offers van Israel en die afgodsoffers van die heidene. Ook hier praat hy van **koinōnia**. Toegepas op die afgode of die demone, gee hy nêrens die indruk dat die afgode geëet word of as geestelike voedsel dien vir die wat aan hulle offers bring nie.⁸⁾ Wat wel gebeur, is dat die bring van afgodsoffers **koinōnia** met die afgode ten gevolg het. Wat ookal die betekenis van **koinōnia** met die demone mag wees, dit is duidelik dat hierdie anti-tetiese parallel iets moet verduidelik met betrekking tot die betekenis van die gebeure by die nagmaal.

Wat wil Paulus dan in I Kor. 10:1 v.v. in verband met die nagmaal sê? Paulus ontken nie dat by die nagmaal geëet en gedrink word nie. Maar die nagmaal is vir hom 'n handeling, 'n gebeure waardeur Christus met sy gemeente gemeenskap stig, en waardeur die gemeente **koinōnia** met Christus het. Dit is nie wat geëet of gedrink word wat van betekenis is nie, maar wel wat **gebeur** wanneer die gemeente die nagmaal vier. In die gemeenskaplike maaltye wat Jesus saam met sy dissipels vóór en ná sy dood gehou het, was dit ook nie die elemente van die maaltyd wat belangrik was nie, maar wel die gemeenskap wat deur hierdie maaltye gestig is. Die opvatting dat brood en beker die liggaam en bloed van Christus as geestelike voedsel en drank verteenwoordig, hou juis die gevaar in waarteen Paulus in I Kor. 10:1 v.v. wil waarsku, en dit is dat die elemente by die nagmaal 'n soort **pharmakon athanasias** verteenwoordig. Paulus wil juis waarsku dat die nagmaal nie moet word tot so 'n **pharmakon athanasias** waardeur die gelowige 'n vrypas vir goddeloosheid gegee word, sonder vrees vir straf nie.⁹⁾

In hierdie konteks moet **koinōnia** dus as die sleutelwoord gesien word tot die verstaan van wat by die nagmaal gebeur. „Schon der Zusammenhang zeigt also hier, dasz es Paulus bei dem Hinweis auf das Herrenmahl nur auf die Gemeinschaft mit dem Herrn ankommt. Auszerdem hat das mit, Teilhabe' übersetzte griechische Wort nur den Sinn des gemenisamen Anteilnehmans und kann nicht ‚Genusz' bezeichnen.“¹⁰⁾

⁸⁾ Vgl. W. G. Kümmel, a.w., 182; E. Schweizer, R.G.G.³ I, 19.

⁹⁾ Kyk E. Käsemann, a.w., 116 v.

¹⁰⁾ W. G. Kümmel, Die Theologie des Neuen Testaments, Göttingen 1969, 197.

I Kor. 12:13.

Die vraag is nou: Weerspreek Paulus se uitspraak in I Kor. 12:3 nie ons bevinding tot dusver nie? Moet ons aanvaar dat na die vermelding van die doop deur die passief **ebaptisthēmen**, die volgende passief, **epotisthēmen**, 'n toespeling op die nagmaal is? En moet ons verder aanvaar dat indien Paulus wel hiermee die nagmaal ter sprake bring, hy aan die nagmaal dink as geestelike drank? Die saak word bemoeilik deurdat Paulus in **epotisthēmen** gebruik maak van 'n term wat hy nêrens anders met betrekking tot die nagmaal gebruik nie. (Vgl. ook nog I Kor. 3:2, 6, 7, 8). Letterlik staan hier dat die gemeente (van) een Gees te drinke gegee is, en dit is die Heilige Gees wat ter sprake is. Eksegete is verdeeld oor hoe ons hierdie frase moet interpreteer en of dit wel op die nagmaal betrek moet word. Sommige reken wel so,¹¹⁾ ander is onseker¹²⁾ en nog ander verwerp die moontlikheid.¹³⁾

Kyk ons na die konteks waarin die uitspraak voorkom, dan merk ons op dat Paulus in hoofstuk 12 handel oor die baie gawes wat deur die één Gees aan die gemeente gegee is en in die gemeente gewerk word. Hierdie gawes is egter nie hiërgies georden nie en daarom mag niemand die gawe wat hy ontvang het, hoër ag as die van die ander, en hom bo die ander verhef nie. Paulus illustreer wat hy bedoel aan die hand van die liggaam-beeld. Hy vergelyk egter nie alleen die gemeente met die menseligaam nie maar sê ook dat die gemeente die liggaam van Christus is (vers 27). Ondanks sy baie lede is hierdie liggaam één in Christus en moet hierdie eenheid gesoek en steeds bevorder word. Dit kan alleen gebeur as die lede vir mekaar sorgdra (vers 25).

Deur middel van 'n noukeurige analise van I Kor. 12:4-26, het J. P. Louw bevind dat die sentrale en alles-oorkopelende gedagte in hierdie gedeelte, soos volg opgesom kan word: God wil dat **al** die gawes **saam** meewerk tot **onderlinge nut** van mekaar.¹⁴⁾ Tot hierdie **pros to sumpheron** (vers 7) stel die Heilige Gees die gemeente in staat. Deur die Doop het die gemeente die Gees as gawe ontvang en Hy omvat die hele gemeente en hou die gemeente deur sy werkinge in stand. Met **epotisthēmen** wil Paulus onderstreep wat met die gemeente gebeur het toe die gemeente een liggaam in Christus geword het. Die gemeente het in die mag van die Gees en onder sy heerskappy gekom.

11) So bv. A. Schlatter, a.w., t.p.; H-D. Wendland, a.w., t.p.; L. Goppelt, a.w., 160; H. N. Ridderbos, a.w., 469.

12) So bv. H. Conzelmann, a.w., t.p.; H. Lietzmann, a.w., t.p.

13) So bv. J. Weiss, a.w., t.p.; C. K. Barrett, a.w., t.p.; J. Héring, a.w., t.p.; W. G. Kümmel, *Korinther*, t.p.; F. W. Grosheide, a.w., t.p. voetnoot 43.

14) J. P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, Pretoria 1976, 148.

Die aoristus **epotisthēmen** dui op 'n gebeure in die verlede. Paulus het nie hiermee 'n gebeure in gedagte wat dikwels herhaal word soos met die nagmaal die geval was nie. Ons kan nie met sekerheid sê dat Paulus hiermee die doopgebeure in gedagte het nie, maar wel dat dit iets is wat reeds 'n heilsfeit is en waarvan die betekenis in die hede voortbestaan. Dat Paulus met hierdie uitspraak die nagmaal in gedagte kon hê, is hoogs onwaarskynlik. Uit die konteks is dit nie te bewys nie, trouens die konteks pleit vir die teendeel. Die feit dat die Doop hier vermeld word, is geen rede waarom aanvaar moet word dat ook die sakrament van die nagmaal ter sprake is nie.

Indien dit korrek is dat Paulus nie die nagmaal as geestelike voedsel en drank verstaan nie, sal die vraag seker gevra word: Maar beteken dit dan dat die nagmaal en die deelname daaraan, geensins as versterking dien vir die gelowiges nie? Gebeur daar by die nagmaal niks wat vir die gelowiges heilsaam is nie? Inderdaad gebeur daar iets en die nagmaal het gewis heilsbetekenis, is heilsgebeure. Maar wat is hierdie heilsgebeure?

- (a) In die eerste plek is die nagmaal herinneringsmaaltyd. Deur hierdie maaltyd versterk die Here opnuut die gemeente se geloof in die verlossende heilsgebeure van die kruis. Tegelyk is die nagmaal telkens weer die bevestiging en waarborg wat die Here self gee dat hierdie heilsgebeure tot redding van die gemeente geskied het, en dat die gemeente erfgenaam daarvan is.
- (b) Deur die gemeente se deelname aan brood en beker wat die liggaam en bloed gebeure verteenwoordig, kry die gemeente telkens weer deel aan die resultaat van die plaasvervangende offer van Jesus Christus en hiermee samehangend aan die nuwe verbond wat deur sy bloed tot stand gekom het. Die verbond word as't ware telkens hernu, deurdat dit deur die Here self telkens bevestig word. Juis die feit dat die Here telkens met sy gemeente tot die nagmaal toetree, is bewys daarvan dat Hy sy verbond hou. Dat Hy sy verbond hou, beteken nie slegs dat Hy die eskatologiese vervulling daarvan waarborg nie, maar juis dat Hy die gawes en voorregte daarvan nou, in die tyd, in die hede van die gemeente, kragtig laat werk en sy gemeente daarin laat deel.
- (c) Tegelyk word die gemeente op grond van die sekerheid van die verlossingsgebeure van die kruis, in die geloof versterk in die hoop op die eskatologiese toekoms wat die voleinding sal bring van die belofte van die kruisgebeure. Daarom is elke nagmaal 'n vooruitgrype op die eskatologiese voleinding en word die eskatologiese toekoms in 'n sekere sin teenwoordig

gestel. Daarom vier die gemeente ook die nagmaal met eskatologiese vreugde en roep die gemeente met die nagmaal biddend, verlangend uit: Marana tha!

- (d) By die nagmaal is die lewende en verhoogde Here self teenwoordig. Hy is nie hier passief teenwoordig nie maar handelend. Sy teenwoordigheid is nie 'n passiewe teenwoordigheid in die elemente of in die substansies van liggaam en bloed waaraan die gemeente handel deur dit geestelik te eet of te ontvang nie. Sy teenwoordigheid gaan vooraf aan dié van die gemeente en daarom is die gemeente by Hom teenwoordig. Hy stig **koinōnia** met sy gemeente en daarom mag sy gemeente met Hom **koinōnia** hê. Hierdie **koinōnia** is gebeure, heilsgebeure. Hy eis die gemeente vir sy Heerskap op en die uitoefening daarvan is tot heil van die gemeente. Sy teenwoordigheid „... ist Ereignis, nicht Sache; Begegnung, nicht Naturphänomen; Handeln Christi mit seiner Gemeinde, nicht Übereignung einer Substanz. Christus bleibt, indem er sich selbst seiner Gemeinde schenkt, doch immer ihr Herr, der nicht wie ein Ding in ihre Verfügungsgewalt fällt.“¹⁵⁾
- (e) Die feit dat die nagmaalsvierende gemeente deur die nagmaal een liggaam is vanweë die lede se **koinōnia** met Christus, is ook in 'n sekere sin van heilsbetekenis. Om so aan mekaar te behoort en ten behoewe van mekaar in gemeenskap en liefde te lewe, is 'n voorreg wat alleen behoort aan 'n gemeente wat sinvol nagmaal vier. Hierdie eenheid onderling word deur die nagmaal telkens weer versterk. 'n Gemeente wat reg nagmaal vier ervaar telkens hier vreugde, hoe langer hoe meer.

¹⁵⁾ E. Schweizer, a.w., 19.